

Sing vooraf staande: Psalm 105:1, 5 (p. 514)

- 1 Loof, loof die HEER van alle here! / Verhoog sy Naam en gee Hom ere,
en bring sover daar volke is, / sy daede in gedagtenis;
en spreek met aandag en ontsag / van al sy wonders, dag aan dag.

- 5 Die HEER wat van geen wankel weet nie, / sal nimmer sy verbond vergeet nie;
al sy beloftes bly van krag / tot in die duisendste geslag.
Verbond met Abraham, sy vrind, / bevestig Hy van kind tot kind.

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.

Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.

Amen.

Loflied: Psalm 146:1, 8 (p. 700)

- 1 Prys die HEER met blye galme, / o my siel, daar 's ryke stof!
'k Sal, solank ek leef, my psalme / vrolik toewy aan sy lof
en Hom, wat sy guns my bied, / altyd groot maak in my lied.

- 8 Dis die God der leërmagte, / troue Bondsgod van weleer,
God van wordende geslagte, / tot in ewigheid die HEER.
Sion, sing die God ter eer, / prys sy grootheid, loof die HEER!

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Psalm 32:1 (p. 151)

- 1 Welsalig wie van skuld en straf onthewe, / die woord mag hoor: jou sondes is vergewe.
Want God wat groot is in barmhartigheid, / het hom vergewe en skeld die skuld hom kwyt.
Welsalig wie die HEER geen enkel stonde / toereken wil die boosheid van die sonde
en wie se gees, van alle valsheid vry, / voor God ootmoedig al die skuld bely.

Gebed

Skrifbelyning 2-4:1, 3 (33:1, 3)

- 1 Wat 'n liefde en volheidslewe, / waar ons bly ons in beroem,
het die Vader ons gegewe / dat Hy ons sy kinders noem!
Maar die wêreld weet van dié / wat uit God gebore is, nie,
het die kennis van die Heer nie / as hul hoogste goed begeer nie.

- 3 Wie die Midd'laar se verskyning / inwag uit die heiligdom,
soek van harte die verreining / wat daar uit sy sterwe kom.
Teen die sonde duur die stryd: / "Sonde is ongeregtigheid!
Maar ons lewe uit God gebore, / is tot heilig-wees verkore!"

Skriflesing: Romeine 6:1-14; Heidelbergse Kategismus, Sondag 33:88-90

Kernverse: Romeine 6:4-5, 12-13

Deur die doop is ons immers saam met Hom in sy dood begrawe, sodat, soos Christus deur die heerlike magsdaad van die Vader uit die dood opgewek is, ons ook so 'n nuwe lewe kan lei. Aangesien ons met Hom een geword het in sy dood, sal ons sekerlik ook met Hom een wees in sy opstanding.

Moet dan nie toelaat dat die sonde nog langer oor julle heerskappy voer en julle die begeertes van julle sterflike aardse bestaan laat gehoorsaam nie. Julle moet geen deel van julle liggame in diens van die sonde stel as 'n werktuig om goddeloosheid te bedrywe nie. Nee, stel julle in diens van God as mense wat dood was maar lewend gemaak is, en stel elke deel van julle liggame in diens van God om te doen wat God wil. (Romeine 6:4-5, 12-13 AFR83)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 88: Uit hoeveel dele bestaan die ware bekering van die mens?

Antwoord: Uit twee dele: die afsterwing van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens (a).

(a) Rom 6:1, 4-6; Efes 4:22-24; Kol 3:5, 6, 8-10; 1 Kor 5:7; 2 Kor 7:10.

Vraag 89: Wat is die afsterwing van die ou mens?

Antwoord: Dit is 'n hartlike berou daaroor dat ons God deur ons sondes vertoorn het en daarom hoe langer hoe meer die sonde haat en daarvan wegvlug (a).

(a) Rom 8:13; Joël 2:13; Hos 6:1.

Vraag 90: Wat is die opstanding van die nuwe mens?

Antwoord: Dit is 'n hartlike vreugde in God deur Christus (a) en 'n lus en 'n liefde om volgens die wil van God in alle goeie werke te lewe (b).

(a) Rom 5:1; 14:17; Jes 57:15. (b) Rom 6:10, 11; Gal 2:20.

Tema: Ons doop teken ons begrafnis en ons opstanding

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, in sy trou het die Here ons God 'n dogtertjie toegevoeg tot die getal van 'n gesin, 'n familie en tot die getal van sy kerk hier in Bellville. So is Christus self besig om sy kerk in getalle te laat groei. Maar Christus laat sy kerk nie net in getalle groei nie. Hy is ook persoonlik besig om te sorg dat sy kerk, ieder en elke kind van sy Vader, in die geloof sal groei. En groei in die geloof veronderstel dat ons in 'n persoonlike verhouding met ons Verlosser, Christus Jesus, lewe.

Hierdie persoonlike verhouding met ons Verlosser, Christus Jesus, kom tot stand sonder dat ons dit met ons blote oë kan raaksien. Trouens, daar kom nie eers 'n uiterlike verandering aan ons wanneer Christus hierdie persoonlike verhouding met ons begin nie. Die mense – ons gelowiges – met wie Christus reeds 'n persoonlike verhouding begin het en onderhou, lyk nog steeds soos alle ander mense. Ons het steeds 'n liggaam soos ander mense. Maar wat ons nie met die oog kan sien nie, beeld Christus vir ons af in die sakrament van die heilige doop. Deur die bediening van die doop word ons begrafnis en ons opstanding geteken – 'n dubbele begrafnis en 'n dubbele opstanding. Deur sterwe en opstanding begin Christus 'n persoonlike verhouding met ons.

Aangesien Christus sorg dra dat ieder en elke kind van sy Vader in die geloof sal groei, praat Hy vanoggend nie net met die klein dogtertjie wat gedoop word of net met haar gesin en haar familie nie. Deur die verkondiging van die doop en die bediening van die doop is Christus deur sy Gees en Woord met elkeen van ons persoonlik besig. Hy herinner ons weer aan die onsienlike werk wat in die doop geteken word sodat ons nog meer in ons geloof en persoonlike verhouding met Hom mag groei. Mag die Gees van Christus ons dan aan die hand lei sodat ons vanuit Romeine 6 die onsienlike werk van die Vader met ons en met hierdie klein dogtertjie kan raaksien en besef watter uitwerking dit op ons lewe van elke dag behoort te hê.

Broers, susters en kinders, in Romeine 6 leer die Heilige Gees ons om die onsienlike werk van God in die doop raak te sien. Hierdie onsienlike werk veroorsaak dat ons nou dood is vir die sonde. In Romeine 5 het Paulus gesê:

Die wet het bygekom om die oortredinge nog meer te maak; en hoe meer die sonde geword het, hoe oorvloediger het die genade geword.

(Romeine 5:20 AFR83)

Om die gelowiges hierdie stelling te laat verstaan en die evangelie van Jesus Christus te laat begryp, vra Paulus dan:

Moet ons aanhou sonde doen sodat die genade kan toeneem?

(Romeine 6:1 AFR83)

Sonder om mooi na te dink oor wat die Gees in Romeine 5:20 sê, kan dit vir die mense klink asof daar bedoel word: Doen meer sonde en hou aan daarmee, dan sal die genade vir jou net so oorvloediger wees.

Die bedoeling van Romeine 5:20 is eerder die volgende: Die wet waardeur ons ons sonde en ellende leer ken, het aan ons die volle werking van die sonde in al sy afskuwelikheid kom vertoon. En hoe meer ons besef hoe groot en verskriklik ons sonde regtig is, soveel te meer besef ons hoe oorvloedig God se genade in Jesus Christus vir ons is. Christus se versoeningsoffer is genoegsaam om al my verskriklike oortredinge weg te neem. Trouens, sy offer is genoegsaam vir die hele wêreld se sondes. So oorvloedig is die genade.

Moet ons dan nou aanhou sonde doen sodat die genade kan toeneem? Beslis nie. Hoe kan ons wat dood is vir die sonde, nog daarin voortlewe?

(Romeine 6:1-2 AFR83)

Ons kan mos nie nog in die sonde wil voortleef nie. Ons is dan dood vir die sonde. Maar wat beteken dit dat ons dood is vir die sonde? Beteken dit dat ons glad nie meer sonde kan of wil doen nie? Dit kan tog nie waar wees nie. Ons eie ervaring getuig van die teendeel. En nie net ons eie ervaring nie, maar ook die ervaring van iemand soos Paulus getuig van die teendeel. Gaan lees maar weer wat hy oor sy eie belewenis met die sonde geskryf het in Romeine 7.

Om te verstaan wat dit beteken om dood te wees vir die sonde, moet ons let op wat die Heilige Gees in verband met Christus sê. In vers 10 lees ons:

Hy het gesterwe en is eens en vir altyd vir die sonde dood.

(Romeine 6:10a AFR83)

Ons moet egter baie goed begryp: Christus se belewenis van die sonde en ons belewenis van die sonde is geheel en al nie dieselfde nie. Hy het nooit as te nimmer vir die sonde geleef soos ons gedoen het nie. Jesus is immers as mens die volmaak regverdige mens in wie daar geen sonde ooit was nie. Hy het nooit die begeerte gehad om teen sy Vader se wil op te tree nie. As daar geopenbaar word dat Hy gesterwe het en nou vir die sonde dood is, beteken dit:

- Christus het die straf op die sonde, naamlik die dood, gedra.
- Christus het aan die regverdige eis van sy Vader voldoen.
- Christus het gewillig die loon van die sonde in ons plek aanvaar.
- Gevolglik kan daar aan Christus nie meer 'n eis gestel word as gevolg van die sonde nie, want die Vader het sy Seun se voldoening aanvaar en Hom uit die dood opgewek.
- Daarom lewe Christus nou vir ewig en sal nooit weer sterf nie.

Maar wanneer en hoe het dit gebeur dat ons dood is vir die sonde? Die antwoord op hierdie vraag word gegee in die vraag van vers 3.

Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie? (Romeine 6:3 AFR83)

Met die manier waarop Paulus hierdie vraag begin, blyk dit dat wat hy sê eintlik aan die gelowiges in Rome bekend moet wees. Ons behoort dit vandag ook te weet. Ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, is in sy dood gedoop.

Ons doop is verseker een van die mees betekenisvolle gebeure waarby God ons betrek. Party mense is bewustelik daarby betrokke wanneer hulle eers as volwassenes tot geloof kom, hulle geloof bely en die doop ontvang. Maar die meeste mense is onbewustelik by hulle doop betrokke juis omdat hulle dit nog nie begryp nie. Net soos hierdie klein dogtertjie vanoggend nog nie begryp wat hier gaan gebeur nie. En wat die doop een van die mees betekenisvolle gebeure maak, is die feit dat jou eie naam in een volsin saam met die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees genoem word. Dit het gebeur toe daar gesê is: Piet Swart, ek doop jou in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees. En in plaas van Piet Swart kan elkeen sy eie naam maar invoeg.

Om in die Naam van die Drie-enige God gedoop te wees, betuig Hy dat Hy Homself aan jou verbind en jou aan Homself verbind het. Deur die doop sê ons God en Vader dat Hy Homself aan ons verbind. Hy sê inderwaarheid die baie ou woorde op 'n baie nuwe en persoonlike wyse vir elke dopeling: Ek is jou God, en deur die geloof sal jy my kind wees.

Maar in die doop word nie net afgebeeld dat ons aan die Vader verbind word nie. Ons is ook in die Naam van Christus Jesus gedoop. Christus verbind Homself in die doop ook aan elke dopeling en Hy verbind elke dopeling aan Hom. Wanneer Paulus sê dat ons in Christus Jesus gedoop is, is dit dieselfde as om te sê ons is in die Naam van Christus Jesus gedoop. Christus se Naam kan nie losgemaak word van sy Persoon nie. Daarom, om in Christus Jesus gedoop te wees, beteken dus om deur die doop aan Christus Jesus verbind te wees, een met Hom te word.

Wanneer die Heilige Gees vir ons in die doop afbeeld dat ons een met Christus Jesus geword het, is ons nie net aan Christus se Persoon verbind nie maar ook aan sy werk. Net so min as wat Christus se Naam van sy Persoon losgemaak kan word, net so min kan sy werk van sy Persoon losgemaak word. Daarom, ons wat in Christus Jesus gedoop is, is in sy dood gedoop. Deur die doop teken die Here dat ons ook met Christus se dood verbind is. Wanneer en hoe het dit gebeur dat ons dood is vir die sonde? Die dag wanneer die Heilige Gees ons met die ware geloof in Christus inlyf en ons al sy weldade aanneem. En dit word vir ons in die doop afgebeeld. Ons word in Christus se dood gedoop.

Die Heilige Gees maak ons deur die doop so een met Christus en sy werk asof ons self aan die kruis gesterf het. Die ou sondige mens wat ons was, is saam met Christus gekruisig, want Christus het Homself aan ons verbind en ons aan Hom. Deur die Heilige Gees maak God ons so een met sy Seun dat ons kan sê: Ons as sondige mense het saam met Christus aan die kruis gesterf. En iemand wat gesterf het, word begrawe. Omdat ons deur die doop aan Christus se dood verbind is, is ons ook deur die doop saam met Hom begrawe. Ons ou sondige mens is nie net saam met Christus gekruisig nie maar is ook saam met Hom begrawe. Daarom het die sonde nie meer seggenskap oor ons nie. Enige bande wat die sonde nog oor ons gehad het, is deur die dood afgesny – die dood van Christus waaraan ons verbind is. En om ons die sekerheid te gee dat ons regtig aan

die dood van Christus deel het, is ons deur die doop saam met Hom in sy dood begrawe. Ons het regtig saam met Christus gesterf.

Daarom sê ons dat die doop ons begrafnis teken. Deur die doop waarin ons begrafnis geteken word, word ons daarop gewys dat ons regtig dood is vir die sonde. Die straf op die sonde sal nie weer oor ons kom nie. Deur die doop wat vanoggend aan hierdie klein dogtertjie bedien word, word ons weer daaraan herinner dat ons saam met Christus in sy dood begrawe is. Met die bediening van die doop teken die Here dat ook hierdie klein dogtertjie in sy dood begrawe is, sonder dat sy dit weet.

Maar as Paulus die doop 'n graf en begrafnis noem, is dit nie 'n graf wat bokant ons toegaan om nooit weer oop te gaan nie. Die Heilige Gees leer ons verder:

... sodat, soos Christus deur die heerlike magsdaad van die Vader uit die dood opgewek is, ons ook so 'n nuwe lewe kan lei. (Romeine 6:4b AFR83)

In die doop word 'n oop graf vir ons geteken. Deur die doop word ons begrawe, maar ook opgewek.

Ons het aan die begin gesê dat die doop 'n dubbele begrafnis teken. Die een begrafnis is die een waarin ons as sondige mense begrawe word saam met Christus. Die ander begrafnis is die een waaraan ons aan die einde van ons aardse lewe deel sal hê. Maar omdat hierdie eerste graf reeds oop is, want ons word deur die doop begrawe en dadelik weer opgewek, het ons deur die werk van Christus die versekering dat ook die graf aan die einde van ons aardse lewe oop is. As ons in die Naam van die Seun gedoop word, verseker die Seun ons dat Hy ons in sy bloed so van al ons sondes was dat ons van ons sondes bevry en voor God regverdig gereken word. Daarom hoor ons in die doop die woorde van bevryding: Jou sondes is vergewe.

En aangesien Christus in die doop vir ons teken dat Hy Homself aan ons verbind, kan ons maar verseker weet dat hierdie verbintenis ewig bly. Selfs tot in die dood. Daarom kan ons ook sonder om te skroom bely: ***In lewe en in sterwe behoort ek met liggaam en siel aan my getroue Saligmaker, Jesus Christus.*** Die doop teken 'n dubbele begrafnis vir ons waar ons in 'n dubbele oop graf gelê word.

Maar laat ons eers stilstaan by die eerste oop graf waaruit ons dadelik opgewek is. Die selfde heerlike magsdaad van die Vader wat Christus uit die dood uit opgewek het, is ook by die doop aan die werk. Deur die doop word ons verseker dat ons saam met Christus begrawe is in sy dood en dadelik deur die Vader se heerlike magsdaad opgewek is. Die sondige mens wat ons was, sterf en word saam met Christus deur die doop begrawe. En uit die eerste oop graf wek die Vader 'n mens op wat 'n nuwe lewe kan lei. Dit is die eerste van die dubbele opstanding wat in die doop vir ons geteken word.

Aangesien ons deur die doop een word met Christus in sy dood, sal ons sekerlik ook met Hom een wees in sy opstanding. Broers, susters en kinders, die troosryke van die doop is dat ons dadelik reeds een met Hom is in sy opstanding. Ons word opgewek om 'n nuwe lewe te lei – 'n lewe vir God.

Nadat Christus uit die dood opgewek is, het die sonde nie meer 'n greep op Hom nie. Die sondige aard van die mense en die lis van die Satan sal Christus nooit weer aan die kruis laat sterf en in die graf laat beland nie. Hy is eens en vir altyd vir die sonde dood. Omdat ons reeds deur die doop een met Hom word in sy opstanding, het die sonde na ons doop nie meer 'n houvas op ons nie – ons sal nie weer die straf op die sonde hoef te dra nie.

Saam met Christus het ons eens en vir altyd vir die sonde gesterf – ons is dood vir die sonde.

Daarom word elkeen van ons vanoggend met die verkondiging en bediening van die doop vermaan en verplig tot 'n nuwe gehoorsaamheid. Ons moet hierdie enige God, Vader, Seun en Heilige Gees wat Homself so innig aan ons verbind, aanhang, vertrou en liefhê met ons hele hart, met ons hele siel, met ons hele verstand en met al ons kragte. Aangesien Christus nog nie ons sondige aard totaal van ons weggeneem het nie, moet ons in hierdie nuwe lewe waarin ons opgewek is deur die doop ons ou natuur nog verder doodmaak en begrawe. Ons moenie toelaat dat die sonde weer oor ons heers nie. Ons moet ons hele lewe toewy aan God. Elke deel van ons liggaam en lewe moet in diens van God wees.

En geliefdes, dit kan gebeur. Deur die doop is ons innig met Christus se dood en opstanding verbind. Omdat Hy opgevaar het na die hemel, het Hy ook sy Gees aan ons gegee wat kragtig die heerlike magsdaad van die Vader in ons bly uitoefen, sodat ons in die nuwe lewe kan volhard.

Maar deur die doop word ook 'n tweede opstanding vir ons geteken. Soos ons eerste graf nie bokant ons gesluit is nie, is ons tweede graf, ons aardse graf, ook nie bokant ons gesluit nie. Ons sal verseker ook met Christus een wees in sy opstanding. Jou lewe eindig nie in die donker doderyk nie. Nee, daar is lig, daar is opstanding uit die graf. Die dood is 'n deurgang!

Wanneer ons dan aan die einde van hierdie doopplegtigheid vanoggend Amen sê, jubel ons. Want ons weet dit is seker en waar dat alles volbring is. Ook hierdie kindjie is deur die doop saam met Christus in sy dood begrawe. Maar dit is ook waar en seker dat hierdie kindjie net soos Christus uit die dood opgewek is deur die heerlike magsdaad van die Vader. En in hierdie doop teken Christus nie net die onsienlike werk van die Vader vir hierdie dogtertjie vir ons nie. Hy verseker ons weereens dat hierdie onsienlike werk van die Vader ook met ons gebeur het.

Daarom kan ons jubel tot eer van God: Agter ons lê 'n oopgebreekte graf waaruit ons opgewek is tot 'n nuwe lewe. Voor ons is daar lig. Selfs ons aardse graf is oopgebreek, en so seker as wat Christus uit die graf opgestaan het, sal ons ook daaruit opstaan.

En ons vier daaglik hierdie dood en opstanding van ons in ons daaglikse bekering. Met ywer sterwe ons die ou mens af deurdat ons van harte berou het omdat ons God met ons sondes vertoorn het en ons haat die sonde en vlug daarvan weg hoe langer hoe meer. En elke keer wanneer ons dit doen, wek die Heilige Gees nog meer die nuwe mens in ons op – ons vind ons vreugde in God deur Christus en in ons groei die lus en die liefde om God met ons hele lewe te dien.

Mag die Heilige Gees ons ywerig maak om die nuwe lewe aanhoudend so te vier. Mag Hy aan die ouers van hierdie dogtertjie die wysheid gee om haar te leer om ook die nuwe lewe so met haar daaglikse bekering te vier.

Amen!

Gebed

Formulier vir die bediening van die heilige doop aan kinders

Psalm 90:9 (p. 456)

- 9 Laat ons u werk aanskou wat nooit beswyk nie! / Laat van ons kroos u heerlijkheid nie wyk nie!
Laat oor ons aanlig al u lieflikhede! / En, HEER, verhoor ons in ons laaste bede:
Bevestig by die onguns van die tyd, / bevestig tog ons werk in ewigheid.

Skrifberyming 15-7:5, 6 (43:5, 6)

- 5 Ek kom gou! Hou dan bestendig / wat my mond aan jou beloof.
Wees net waaksaam, en laat niemand / jou die eerkroon ooit ontroof.
Wie oorwin, hom sal 'k bevestig: / as 'n suil sal hy verrys,
om daar nooit weer uit te gaan nie, / in my God se pragpaleis.
- 6 Op hom sal'k die Godsnaam skrywe, / onuitwisbaar sal dit straal,
met die naam ook van die Godstad / wat van God op aarde daal.
Daar skryf Ek my nuwe Naam ook, / waar hy draer van sal wees.
Laat wie ore het, dan luister / na die roepstem van die Gees.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
28 September 2014